**DEPARTEMENT VAN VERVOER**

**NO. 1576** **19 DESEMBER 2016**

## DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PADAGENTSKAP MSB BEPERK

## GAUTENG DEURPAD VERBETERINGSPROJEK, TOLPAAIE: VRYSTELLINGS VAN DIE BETALING VAN TOL

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap MSB Beperk verleen hiermee, kragtens artikel 27(1)(c) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, 1998 (Wet Nr. 7 van 1998) ("die Wet") vrystellings van die betaling van tol wat op die volgende paaie gehef word:

Soos verklaar deur Goewermentskennisgewings Nr. 349 tot 354 in Staatskoerant Nr. 30912 van 28 Maart 2008:

- N1 gedeelte 20 en 21
- N3 gedeelte 12
- N4 gedeelte 1
- N12 gedeeltes 18 en 19

Soos verklaar deur Goewermentskennisgewing Nr. R.800 in Staatskoerant Nr. 31273 van 28 Julie 2008:

- R21 gedeeltes 1 en 2

Met betrekking tot motorvoertuie wat in die Bylae beskryf word.

Hierdie vrystellings sal 14 dae nadat hierdie kennisgewing in die *Staatskoerant* gepubliseer is, van krag wees.

**Jacobus .J. Smit**
**Waarneemende Hoof Uitvoerende Beampte**
**Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap MSB Beperk**

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

## BYLAE

## WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PADAGENTSKAP BEPERK EN OP NASIONALE PAAIE, 1998 (WET Nr. 7 VAN 1998)

## GAUTENG DEURPAD VERBETERINGSPROJEK, TOLPAAIE: VRYSTELLINGS VAN DIE BETALING VAN TOL

Motorvoertuie wat die openbare vervoerdiense en nooddienste verskaf, asook voertuie wat vir gebruik deur persone met ongeskikthede aangepas is en voertuie wat deur kwalifiserende nie-staatsorganisasies (NSOs) of organisisasies sonder winsoogmerk (OSW) beoog in paragrawe 1 tot 4 hieronder, gebruik word, en wat aan die vereistes uiteengesit in die Regulasies oor Vrystelling van en Kortings op die Betaling van Tol, 2016 wat die Minister van Vervoer met betrekking tot sodanige vrystellings gemaak het (Vrystelling- en Kortingregulasies), voldoen, sal vrygestel wees wanneer die dienste beoog in paragrawe 1 tot 4 hieronder verskaf word, van die betaling van tol op die volgende e-paaie, naamlik:

(a) Soos verklaar deur Goewermentskennisgewings Nr. 349 tot 354 in Staatskoerant Nr. 30912 van 28 Maart 2008:

- N1 gedeelte 20 en 21
- N3 gedeelte 12
- N4 gedeelte 1
- N12 gedeeltes 18 en 19

(b) Soos verklaar deur Goewermentskennisgewing Nr. R.800 in Staatskoerant Nr. 31273 van 28 Julie 2008:

- R21 gedeelte 1 en 2

(gesamentlik "die GDVP tolpaaie") (die Vrystelling- en Kortingregulasies skryf voor die vorms wat gebruik moet word, die inligting wat verskaf moet word en die prosedures wat gevolg moet word met betrekking tot sodanige vrystellings):

1. Voertuie wat die volgende openbare vervoerdienste verskaf en waarvoor ‘n geldige bedryfslisensie of permit vir die betrokke voertuig uitgereik is en wie se eienaars oor sodanige bedryfslisensie of permit beskik wat ooreenkomstig die Wet op Nasionale

Landvervoer, 2009 (Wet Nr. 5 van 2009) vereis of erken word, en wat by die Agentskap geregistreer is en 'n e-tag het wat deur die Agentskap uitgereik is en by die voertuig aangebring is ooreenkomstig die e-Tag Regulasies, 2013 en die Vrystelling- en Kortingregulasies wat deur die Minister kragtens artikel 58(1)(dA) en (dC) van die Wet gemaak het, teen nie later as 1 September 2017 nie:

(a) 'n Minibus taxi-tipe diens soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Landvervoerwet, 2009 (Wet Nr. 5 van 2009) (NLVW) waar die diens vir pendeldoeleindes bestem is soos in the NLVW omskryf insluitende die vervoer van skoliere en privaat kontrakpasassiers ("charter services") waar sodanige vervoer deur dieselfde bedryfslisensie of permit wat die pendeldienste magtig, gemagtig is (die woordomskrywing lees as volg: "minibus taxi-tipe diens" beteken 'n ongeskeduleerde openbare vervoerdiens wat op 'n spesifieke roete of roetes bedryf word, of waar van toepassing, binne 'n spesifieke gebied deur middel van 'n motorkar, minibus of midibus");

(b) 'n Gekontrakteerde diens, synde 'n diens deur voertuie verskaf wat uit hoofde van 'n kontrak met 'n kontrakterende owerheid beoog in artikel 56 van die NLVW verskaf word;

(c) 'n Geskeduleerde openbare pendelvervoerdiens, synde 'n gereelde, daaglikse geskeduleerde openbare vervoerdiens wat ingevolge 'n rooster bedryf word, met insluiting van die vervoer van skoliere en privaat-kontrakpassasiers ("charter services") waar sodanige vervoer deur dieselfde bedryfslisensie of permit wat die pendeldienste magtig, gemagtig is; en

(d) 'n Toegewese skolierdiens vir die vervoer van skoliere of studente op 'n daaglikse basis beoog in artikel 72 van die NLVW waarvoor 'n bedryfslisensie of permit uit hoofde van die NLVW benodig word.

2. Die volgende noodvoertuie wat by die Agentskap geregistreer is en 'n e-tag het wat deur die Agentskap uitegereik is en by die voertuig ooreenkomstig die bogemelde e-Pad Regulasies en Vrystelling- en Kortingregulasies aangebring is:

(a) 'n voertuig wat deur 'n verkeersbeampte, soos in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet Nr. 93 van 1996) omskryf, gebruik word, wat in diens is van die Provinsiale Regering van Gauteng of die Padverkeersbestuurskorporasie wat deur artikel 3 van die Wet op die

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

Padverkeersbestuurskorporasie, 1999 (Wet Nr. 20 van 1999) ingestel is, terwyl op amptelike diens in sy amptelike hoedanigheid, en waar die voertuig deur sodanige Provinsiale Regering of Korporasie besit of gehuur is, en as sodanige amptelike voertuig gemerk is;

(b) enige ambulans wat as sodanig in terme van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet Nr. 93 van 1996) geregistreer is en as sodanige ambulans gemerk is;

(c) enige reddingsvoertuig of nood-mediese reaksievoertuig wat slegs vir mediese reaksiedoeleindes gebruik word en as sulks geregistreer is kragtens die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet Nr. 93 van 1996) en as 'n reddingsvoertuig of nood-mediese reaksievoertuig gemerk is; en

(d) 'n brandbestrydingsvoertuig soos in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet Nr. 93 van 1996) omskryf, of 'n voertuig wat vir rampbestuur gebruik word soos beoog in die Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet Nr. 57 van 2002), of 'n voertuig wat vir forensiese patologiese doeleindes gebruik word, terwyl die voertuig op amptelike diens in sy amptelike hoedanigheid as sodanige voertuig gebruik word, en waar die voertuig besit of gehuur is deur die Provinsiale Regering van Gauteng of die Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit, die Stad van Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit of die Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit of Transnet Beperk, synde die maatskappy wat kragtens artikel 2 van die Wet op die Regsopvloging van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, 1989 (Wet Nr. 9 van 1989) ingestel is, en as sodanige brandbestrydingsvoertuig, rampbestuurvoertuig of forensiese patologiese voertuig gemerk is, soos die geval mag wees.

3. Klas A2 vertuie wat vir gebruik deur persone met ongeskikthede aangepas is waar die eienaar van die voertuig by die Agentskap geregistreer is en 'n e-tag het wat by die voertuig aangebring is ooreenkomstig die bogemelde e-Pad Regulasies en die Vrystelling- en Kortingregulasies en waar die eienaar van die voertuig kwalifiseer as 'n persoon met 'n permanente fisiese ongeskiktheid wat funksionele mobiliteit beperk in ooreenstemming met die volgende omskrywing, wat op die vrystelling in hierdie paragraaf 3 van toepassing is: "Persone wat langtermyn fisiese gebreke het wat, in samewerking met ander gebreke, hulle volle en doetreffende deelname in die samelewing op 'n gelyke basis met ander persone kan strem".

4. Voertuie wat gebruik word deur kwalifiserende nie-staatsorganisasies (NSOe) of organisisasies sonder winsoogmerk (OSWe) wat deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens goedgekeur is as 'n openbare welsynsinstelling kragtens artikel 30 van die Wet op Inkomstebelasting, 1962 (Wet Nr. 58 van 1962), waar die NSO of OSW vir gesondheidsorg doeleindes gestig is, wat insluit persone met ongeskikthede, welsyns- of medemenslikheidsdoeleindes of onderwys en ontwikkeling, en waar die voertuig vir sodanige doeleindes deur die NSO of OSW besit of gebruik word en die eienaar van die voertuig by die Agentskap geregistreer is en 'n e-tag het wat deur die Agentskap uitgereik is en by sodanige voertuig aangebring is in ooreenstemming met die bogemelde e-Pad Regulasies en die Vrystelling- en Kortingregulasies.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za